



28 APRIL 2020

Geagte ouers,

Ons vertrou dat u veilig is in hierdie uitdagende tydperk en wil graag die volgende belangrike inligting met u deel.

Die Minister van Nasionale Onderwys se persverklaring wat verwys na die heropening van skole sou gister plaasgevind het, maar is uitgestel tot "later in die week". Sodra ons bevestiging kry rakende wanneer die skole sal mag heropen, sal volledige inligting aan u verskaf word.

'n Vergadering met die Bestuurspan het reeds plaasgevind rakende die beplanning vir die veilige terugkeer en veiligheid van die leerlinge. Die kwessie van sanitasie van die skoolterrein is ook reeds bespreek en ons doen alles in ons vermoë om gereed te wees vir wanneer skole weer mag heropen. Onthou asseblief van die nuwe maatreël dat geen leerder sonder 'n masker toegang tot die skoolterrein sal verkry nie.

Ons bedank graag elke ouer vir die moeite wat u met u kind/kinders by die huis doen om te verseker dat hy/sy op datum bly met die skoolwerk soos wat daar op die Whatsapp-groepe gekommunikeer word.

Mag dit met elkeen van u goed gaan.

A. Swaters
SKOOLHOOF